DENIS PHILIPPE (Red.)

*Never too small to remember*
*Memory work and resilience in times of AIDS*

Pietermaritzburg: Cluster publications. 2005. 102pp.
ISBN 1-875053-54-9.

Die *Sinomlando Centre for Oral History and Memory Work in Africa*, van die Universiteit van KwaZulu Natal, onder die bekwame direkteurskap van professor Philippe Denis, het hierdie publikasie die lig laat sien. Professor Isabel Phiri, die hoof van die *School of Religion and Theology* beskou die *Memory Box Programme* as een van die belangrikste mylpale van die sentrum (2005: voorwoord). Verskeie navorsers, skrywers, kinders wat deelgeneem het aan die program, ouers, versorgers en ook familie en vriende van die deelnemers het bygedra om van hierdie program 'n sukses te maak. Verskeie samelewingsdiensorganisasies wat by VIGS-wesies betrokke is, soos die *Sinosizo Home-Based Care* in Durban en die *Sibambisene AIDS Network* in die Umkhanyakudedistrik, het ook deelgeneem. Volgens die ervaring van die skrywers (2005:42), is dit die mees effektiewe manier om deur bestaande samelewingsdiensorganisasies te werk.

Die doel van die *Memory Box Programmme* as 'n samelewingsdiensprojek, is om die vroeër benadeelde gemeenskappe in staat te stel om eienaarskap van hul eie geskiedenis te neem. In dié werk word daar rekenskap van die projek gegee vanuit die oogpunt van verskillende skrywers. Die volgende temas word behandel:

1. Geheuewerk en weerstand (*resilience*): Philippe Denis beskryf hier die verloop van die program, verskeie benaderingswyses asook die ontwikkeling van weerstandigheid by kinders aan die hand van 'n verhalestudie.
2. Die tweede tema handel oor die metode van die program. Philippe Denis en Nokhaya Makiwane voorsien die hoofstuk van tabelle om aan die leser 'n beter greep op die metodologie te bied.
3. Philippe Denis en Sibongile Mafu beskryf in die volgende tema hoe daar omgegaan is met die meting van weerstand by die kinders. Hoewel trauma en verlies deel vorm van die verloop van MIV en VIGS, kon daar tog aan die einde van die program positiewe resultate verkry word ten opsigte van die ontwikkeling van weerstandigheid (of die hantering van omstandighede).

4. Die Zulukultuur het ook 'n beduidende rol in die toepassing en hantering van die program gespeel. Radikobo Ntsimane beskryf hoe die aanpak verander moes word om aan te pas by die kultuur van die Zulu en verskille vanuit die samelewing.
5. Die impak en terapeutiese waarde wat die opleidingsprogram gehad het, word in die vyfde tema deur Veronica Wilson beskryf.

Van besondere waarde vir die Praktiese Teologie is die bydrae van Veronica Wilson, 'n student in die antropologie van die Verenigde Koninkryk wat die opleidingsprogram vir ondersteuners en versorgers van MIV en VIGS-geaffekteerdes aanbied. In die opleidingsprogram is dit van belang dat daar deur die verhale van kinders, naasbestaandes en vriende, nie net aandag geskenk is aan die fisiese, emosionele, sosiale en kognitiewe behoeftes van die kinders nie, maar ook aan die geestelike behoeftes (2005:72-73). Die geestelike behoeftes maak deel uit van 'n helingsproses. Soos sy dit stel:

> It is through our beliefs that we develop a sense of hope. Practising our faith in times of hardship enables us to cope better. It gives us a sense of purpose and enables us to see beyond the hardships of present life circumstances.

Die insluiting van 'n volledige bibliografie, asook die opleidingsprogram as samevatting, is 'n besondere bonus wat aan studente die gulde geleentheid bied om van hierdie program gebruik te maak in die hantering van narratiewe van MIV- en VIGS-wesies.

Dr. Jeannette Steyn
Senior lektor: Praktiese Teologie
Universiteit van die Vrystaat.